21 Oktober 2019

Beste Ouers

KULTUURONTWIKKELING 2020

Ons het opwindende planne vir 2020 wat die verdere uitbreiding en ontwikkeling van kultuur by die skool betref en lig julle graag in oor 'n aantal groot verwikkelinge.

REVUE 2020

Daar sal weer volgende jaar twee senior revuespanne wees wat dit as 'n buitemuurse kultuuraktiwiteit beoefen. Die twee spanne sal onderskeidelik bestaan uit 'n gr. 4- en gr. 5-groep en 'n gr. 6- en gr. 7-groep. Leerders neem vrywillig deel en lê oudisies af.

Die grondslagfase sal wel ook in 2020 'n revue aanbied. Dit sal egter 'n massa-revue wees vir gr. R tot gr. 3 en die 2 seniorspanne sal ook aan die geleentheid deelneem. Dit beteken dat die jaarlikse ENCORE sal oorstaan tot in 2021, wanneer dit weer aangebied sal word.

KORE 2020

Die twee kore word ook vanaf 2020 verder versterk deur die uitbreiding van vaardige afrigters wat by die bestaande koorspan aansluit. Die skool was in die gelukkige posisie om die dienste van 'n voltydse koorafrigter met 'n sterk kooragtergrond te bekom en mnr. Walter Thompson sal vanaf volgende jaar as koordirigent optree vir beide kore, in samewerking met mnr. Johan Bester as konsultant en juff. Chrisné en Melissa as repitateurs. Op die manier hoop ons dat die kore ook sal baatvind by die vernuwing.

LFK 2020

Vanaf volgende jaar beplan ons om een of twee ander skole vanaf die eerste ronde reeds in te sluit in ons kunswedstryd. Dit gee aan ons leerders die geleentheid om hulleself te meet teen leerders van ander skole en gee ons ook 'n kans om te leer by mekaar. Die afgelope LFK-finaal het weereens bewys dat ons leerders uiters talentvol is en nie 'n tree agteruit te staan vir die talentvolle leerders van ander skole nie. Meer inligting aangaande die formaat sal later aan u deurgegee word. Ons wil u egter verseker dat geen van ons leerders benadeel sal word deur die insluiting van ander skole nie, inteendeel, ons glo dit sal hulle aanspoor tot groter hoogtes.

Ons hoop en vertrou dat julle sal voortgaan om ons pogings ten opsigte van die kultuurontwikkeling te ondersteun en ook die doelwit om vir ons kultuurleerders so geleenthede te skep om hulle passie en talente uit te leef.

Groete van die Kultuurspan!

E. Joubert

ERIKA JOUBERT
KULTUURBESTUURDER

WILLIE GOOSEN
HOOF